

Die handhawing van gesag!

Die Vyfde gebod van die Tien Gebooie! Donderdag 26 Augustus 2021

Lees: Ex 20:12; Deut 5:16; Ef 6:1-4; Kol 3:20

Deut 5:16

“Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.”

Ex 20:12

“Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.”

Hierdie is die enigste gebod wat heeltamal positief geformuleer word. Die handel oor gesag en om van kleins af gesonde, wettige, positiewe, opbouende en ordegewende gesag te aanvaar en te gehoorsaam. Ons almal verstaan die gesag wat ouers oor hulle kinders het. Hierdie gesag behels om hulle groot te maak as kinders van God, as kinders van ouers wat gehoorsaam is, en as landsburgers wat ook onder gesag staan.

Die Skrif is vol van gesag wat aanvaar moet word, maar ook dat die wat gesag het dit in groot verantwoordelikheid moet gebruik.

Ons lees in Mat 8 van die offisier in Kapernaum wat gesag gehad het, maar hy het in nederigheid na Jesus gekom om sy siek slaaf gesond te maak. Hy het self gesag gehad, maar gebuig onder Jesus Christus se gesag. Jesus getuig van die man se positiewe ingesteldheid oor gesag.

Mat 8:8-9

8 “Maar die offisier sê: “Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word. **9** Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: ‘Gaan daarheen!’ en hy gaan; en vir 'n ander: ‘Kom!’ en hy kom; en vir my slaaf: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”

God is die absolute Regeerder en Gesaghebber. Hy besit alle gesag. Gesag kom van God af. God self is die een met al die gesag. Maar die mens het na die sondeval die gesag verwerp en wil elkeen sy eie baas wees. Niemand wil hê dat iemand anders vir hom of haar moet sê wat hy of sy moet doen nie. Die mens wil graag maak soos wat jyself wil. Maar as elkeen maar kan maak soos hy wil sal daar totale chaos wees.

1 Kor 14:33 “God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede.”

1 Kor 14:40 “Alles moet egter gepas en ordelik geskied.”

Rom 13:1-3 “Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. **Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie**, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God. **2** Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry. **3** 'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys,...”

Dit is dus duidelik dat as jy gehoorsaam is aan die gesag wat ordelik oor jou gestel is, hoef jy nie bang te wees vir die owerheid of vir straf nie.

“Die gesagskringe wat daar is is...

- Die huisgesin ouers en kinders
- Die staat owerheid en onderdane
- Die kerk kerkraad en lidmate
- Die skool onderwysers en leerlinge
- Die arbeid werkgewers en werknemers.” (vgl. De Bruyn, PJ. 2008:96)

Al wanneer gesag nie aanvaar moet word nie, is wanneer die beginsel geld wat ons in **Hand 5:29**

“...“n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!”

Dit is as die owerheid jou verbied om God hoegenaamd te dien. Dit is as die owerheid van jou iets verwag in stryd met die Woord.

Mag God ons seën om aan altyd aan Hom gehoorsaam te wees. Mag God aan ons die krag gee om gesag te aanvaar sodat ons in vrede elke dag kan lewe en werk tot Sy eer en verheerliking.

Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com